

## Herskepping en die ewige heerlikheid (OP70)

Op 21:1-22:5

12 Desember 2021

Die afgelope twee weke het ons besin oor wat ons as gelowiges kan verwag wanneer ons sterf. Tot dusver het ons gesien dat wanneer gelowiges sterf, hulle verseker kan wees dat hulle direk na hulle sterwe saam met Jesus in die hemel sal wees, by God die Vader. Daar vorm hulle deel van die groot menigte wat in Op 7 beskryf word wat voor die troon en voor die Lam is. Hulle besing God se lof saam met die 24 ouderlinge, die vier lewende wesens en die miljoene der miljoene engele. Intussen wag hulle egter – hulle wag op Jesus se wederkoms wat sal plaasvind aan die einde van die tyd. Ons het ook gesien dat die wederkoms gepaard gaan met vier groot gebeurtenisse. Ons het reeds na die eerste drie gekyk: Die eerste is die opstanding van die afgestorwenes se liggame. Gelowiges ontvang dan 'n nuwe opstandingsliggaam wat onverganklik, heerlik en sterk is – geskik vir die nuwe bedeling wat op die punt staan om aan te breek. Die tweede gebeurtenis is die finale oordeel. Tydens hierdie oordeel verskyn ook alle gelowiges voor Jesus op Sy troon in majesteit, maar hulle verskyn daar as die skape aan Sy regterhand. Hulle ontvang hulle loon en word uitgenooi om die koninkryk van God as erfenis in besit te neem. Die derde gebeurtenis is dat hulle deel word van die hallelujakoor in die hemel, en dat hulle mag aansit aan die bruilofsmaal van die Lam, nie net as uitgenooides nie, maar as die bruid van die Lam.

Vandag wil ek stilstaan by twee onderwerpe: (1) Die vierde gebeurtenis tydens Jesus se wederkoms – dit is die herskepping van die fisiese skepping, en (2) die ewige heerlikheid wat daarna aanbreek.

### Die herskepping – 'n nuwe hemel en aarde

Die vierde gebeurtenis wat sal plaasvind met Jesus se wederkoms is dat die skepping herskep sal word. Lees Rom 8:18-22. In vers 18 verwys Paulus na die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek, en in vers 19 sê hy dat die skepping met gespanne verwagting uitsien na die bekendmaking van wie God se kinders is. Laasweek het ons gesien dat dit tydens Jesus se wederkoms, meer spesifiek tydens die finale oordeel wat sal plaasvind wanneer Jesus weer kom, sigbaar sal word wie 'n skaap is en wie 'n bok is. Ja, God weet lankal reeds wie Sy skape is, maar dan sal dit bekend word. Vers 20 verduidelik waarom die skepping daarna uitsien: Die rede is omdat die skepping aan verydeling oftewel verganklikheid (v21) onderwerp is tot met die wederkoms. En, let op, dit is God wat dit daaraan onderwerp het. Dit klop natuurlik wat ons vantevore gesien het: ons sterf fisies omdat ons liggame uitgemergel word deurdat God ons sedert die sondeval blootgestel het aan fisiese lyding in die skepping. Dit beteken dat die skepping tot met die wederkoms net eenvoudig nie tot sy volle reg kom nie, dit bereik net eenvoudig nie sy volle potensiaal nie. Maar, sê vers 21, wanneer Jesus kom, sal die skepping bevry word van hierdie beperking, en dan sal dit sy volle potensiaal bereik – sodat dit kan pas by heerlikheid van die kinders van God. Onthou, ons het laasweek gesien ons gaan met die wederkoms nuwe opstandingsliggame ontvang. Hierdie liggame gaan onverganklik, heerlik en sterk wees. Wat ons nou sien is dat met die wederkoms sal die hele skepping hernuwe word sodat dit kan pas by hierdie heerlikheid wat ons dan gaan hê! Vers 22 sê dat die hele skepping op die oomblik in barensood verkeer. Dit kan net eenvoudig nie wag om daardie nuwe skepping voort te bring wat sal pas by die heerlikheid wat die kinders van God dan sal hê nie! Dink oor die huidige skepping – dink oor sy skoonheid, grootheid, balans, verskeidenheid in die skepping. As 'n verganklike skepping so heerlik is, kan jy jou indink hoe heerlik die nuwe skepping sal wees wat bevry sal wees van hierdie verganklikheid?

Petrus het ook oor die herskepping geskryf in 2 Pet3. In vers 10 skryf hy dat op die dag van die wederkoms die hemel met 'n groot gedruis sal verdwyn, dat die hemelliggame sal brand en tot niet sal gaan, en dat die aarde met alles wat daarop is, sal vergaan. Dit is doodeenvoudig vreesaanjaend! Maar dan voeg hy in vers 13 by: "Maar ons leef in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers." "Waar die wil van God sal heers" beteken letterlik waar daar geregtigheid sal wees (vgl OAV). Klink dit nie heerlik nie? 'n Nuutgemaakte hemel en aarde, wat gaan pas by ons nuwe heerlikheid, waar daar geregtigheid sal wees, waar God sal heers sonder enige poging van die duivel om Sy gesag te ondermyn!

Op 21:1-2 bevestig die verdwyning van die hemel en aarde soos ons dit nou ken. Johannes sien ook die koms van 'n nuwe hemel en nuwe aarde. Hier vorm dit egter die oorgang na die beskrywing van die ewige heerlikheid wat ons daarna kan verwag, en wat in die res van die hoofstuk en ook die begin van Op 22 beskryf word.

### Die ewige heerlikheid

Na al die verwickelinge wat plaasvind met Jesus se wederkoms afgehandel is, breek die ewigheid aan – vir gelowiges beteken dit 'n ewigheid in heerlikheid. Dit is hierdie heerlikheid wat God van die begin af ten doel gehad het. In Ps 72:19 het Dawid dit opgesom met: "En geloofd sy vir ewig sy heerlike Naam! En laat die hele aarde met sy heerlikheid vervul word! Amen, ja amen." Nou word die punt bereik waar die hele aarde met die heerlikheid van God gevul word. In Op 10:7 het Jesus 'n eed afgelê en gesê: "Op die dag wanneer die sewende engel op sy trompet gaan blaas, sal God se verborge bedoeling met alles bereik word, soos Hy dit aan Sy dienaars, die profete, bekend gemaak het." Ons is nou op die punt waar God Sy verborge bedoeling met alles gaan bereik. Alles wat die profete vertel het, het opgebou na hierdie punt. Die ganse wêreldgeskiedenis het opgebou na hierdie punt. Alles wat ons die afgelope twee weke oor gepraat het selfs na die dood van gelowiges het opgebou na hierdie punt. En Op 21/22 gee vir ons insae in wat dan vir gelowiges wag.

Nadat Johannes in Op 21:1 gesien het daar kom 'n nuwe hemel en aarde, sien hy in vers 2 dat die nuwe Jerusalem van God af uit die hemel uit afkom, en dit kom na die nuwe aarde onder die nuwe hemel. Ons lees ook wie hierdie nuwe Jerusalem is – dit is die bruid, die bruid van die Lam, dus die groot menigte van Op 7, dus die gelowiges – hulle wat so vol vreugde aan die bruilofsmaal van die Lam gesit het! Nou kan ons begin verstaan hoekom die skepping nuut gemaak moes word om te pas by die heerlikheid van die gelowiges – want hulle kom om vir ewig in hierdie nuutgemaakte skepping te leef, wat sodanig herskep is dat dit pas by hulle nuwe heerlike, onverganklike en sterk opstandingsliggame!

Maar daar is iets selfs nog heerliker wat dan realiseer: Omdat al God se vyande finaal geëlimineer is tydens die finale oordeel, omdat al die effekte wat hulle op die eerste hemel en aarde gehad het, weggebrand is toe die hemel en die aarde nuut gemaak is, omdat die bruid volmaak voorberei is vir die Bruidegom, daarom kan daar 'n harde stem van die troon af roep: "Kyk die woonplek (tabernakel – OAV) van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal Sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God" (Op 21:3). Hoor jy die Abrahamverbond? Dit is waarna die Abrahamverbond eeue lank vooruit gekyk het. Die bruid kom na God se nuwe skepping toe, en God kom by haar woon! Dink aan die talle voorbeelde in die openbaringsgeskiedenis waar ons lees van God wat onder Sy volk wil woon, e dit laat ons wonder:

- Gaan dit in die ewigheid wees soos toe God destyds in die tuin van Eden in die aandwindjie kom wandel het? Nee, dit gaan baie beter wees! God kom nie net in die tuin wandel nie, nee

die hele aarde is nou tuin en dus God se woonplek! Die aarde is onderwerp en nuutgemaak! Dit is nou alles paradys! Dit is nou alles tabernakel, en God kom daar woon saam met die bruid! Daar is nie meer 'n slang wat kan kom om ons te verlei nie – trouens daar is nie eens meer 'n boom van kennis van goed en kwaad nie!

- Gaan die ewigheid wees soos toe God se heerlijkheid in die Ou Testament die tabernakel/tempel gevul het en Hy sodoende onder die volk gewoon het? Nee, dit gaan baie beter wees! Destyds mog die volk maar net in die voorhof kom, net die priesters mog in die Heilige kom en net die hoëpriester een maal per jaar in die Allerheiligste. Maar nou daal al God se kinders as deel van die Nuwe Jerusalem uit die hemel neer en kom woon op hierdie nuwe aarde – saam met God!
- Gaan die ewigheid wees soos wat Paulus en Petrus gelowiges beskryf as lewende stene wat opgebou word in die huis van God waarin Hy woon (1 Kor 3:9b, 16, 1 Pet 2:5)? Nee, dit gaan baie beter wees! Dan is ons klaar opgebou. Ons is vlekloos, skoon en onberispelik! En God kom woon by ons – vir altyd!

Voeg hierby wat Johannes in 1 Joh 3:2b sê: “Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is”. Dit skep die vraag: Wat is dit wat ons gaan sien as Hom gaan sien soos Hy werklik is? Gaan ons God fisies sien? Maar God is tog Gees, en dus nie met die menslike oog sigbaar nie. Gaan ons die Lam sien? Wel, Jesus het opgevaar met sy verheerlikte liggaam – dus glo ek ons gaan Jesus in Sy verheerlikte liggaam sien. Maar is dit wat Johannes in gedagte gehad het? Ek dink 1 Joh 3:2 gee self die sleutel om te verstaan wat Johannes in gedagte gehad het: “Ons gaan Hom sien soos Hy werklik is.” Hoe is God? Hy is soos Sy karakter is. Hoe is Sy karakter? Hy is almagtig, liefdevol, genadig, regverdig, heilig, en noem maar op. Hy tree op soos Sy karakter is, soos Hy is. Sy werke wys dus hoe Hy is. En Op 21 en 22 gee vir ons 'n goeie aanduiding van wat ons kan verwag om te sien:

- Vers 1: Ons gaan die nuwe skepping sien – sonder 'n enkele doring of dissel. Dit gaan onverganklik en heerlijk wees, soos wat God onverganklik en heerlijk is. Dit gaan 'n toonbeeld wees van God se almag, krag en wysheid.
- Vers 2: Ons gaan die stad, die nuwe Jerusalem sien – d.w.s. ons gaan die gelowiges sien, met hulle bruilofsklere aan, gewas in die bloed van die Lam, en op hulle voorkoppe die name van God, die Lam en die nuwe Jerusalem. Trouens, ons gaan self persoonlik deel wees daarvan. Ons gaan 'n toonbeeld wees van al God se karaktereienskappe wat in Sy verlossingsplan na vore kom – Sy liefde, genade, geregtigheid, heiligheid, heerlijkheid, en noem maar op.
- Vers 12a: Ons gaan die muur van die stad sien – toonbeeld van God se getroue en ewige bewaring.
- Vers 12b: Ons gaan die 12 poorte in die muur sien – toonbeeld van die nuwe lewende weg wat die Lam vir ons berei het.
- Vers 16: Ons gaan die afmetings van die stad sien – 12 000 km x 12 000 km x 12 000 km. Die stad is volledig, almal is daar wat daar moet wees, en boonop is dit 'n volmaakte kubus, wat dui op die Allerheiligste in die Ou Testamentiese tabernakel – toonbeeld dat ons almal in heerlijkheid in die teenwoordigheid van God is.
- Vers 19: Ons gaan die fundamente van die muur sien – toonbeeld van God se getrouheid deurdat Hy die beloftes wat Hy deur die profete en die apostels gemaak het, volmaak en akkuraat vervul het.
- Vers 22: Ons gaan nie die tempel sien nie – maar ons gaan sien dat God en die Lam by ons woon.

- Vers 23: God en die Lam se heerlikheid sal in alles sigbaar wees, soveel so dat hierdie heerlikheid selfs die son dof sal laat lyk. Trouens die heerlikheid van God en die Lam sal selfs in ons verheerlikte liggame duidelik wees.
- Op 22:1-2: Ons gaan die rivier met die water van die lewe en die boom van die lewe sien en daarvan drink en eet so gereeld as wat ons wil – toonbeeld van God se versekering dat ons vir ewig daar gaan bly.
- Op 22:3: Ons gaan die troon van God sien – nie die beperkte gesig wat Jesaja en Esegïel in die Ou Testament gesien het nie, miskien eerder soos daardie heerlike troon waar rondom ons was as die groot menigte tussen ons sterwe en die wederkoms. Hoe dit ook al gaan wees, dit gaan 'n toonbeeld wees van God se heerlikheid en heiligheid.

God gaan werklik alles wees, en in almal. Sy handewerk sal orals sigbaar wees. Dit sal getuig van hoe Hy is – en dus as ons dit alles sien, sal ons Hom sien soos Hy werklik is!

Siende dat ons die ewigheid daar gaan deurbring, kan ons wonder waarmee gaan ons besig wees? Ons leer van twee dinge: Eerstens leer Op 22:3b: ons sal God dien. Let op: al is die gelowiges dan in heerlikheid, is hulle steeds dienaars van God. God is steeds God, en hulle is steeds mense/skepele. Hulle is steeds God se dienaars, en hulle sal vir ewig dienaars bly. In Jes 61:6 word die dienaars van God wat eerbetoning na God toe bring, beskryf as priesters. As Op 22:3 dus die reaksie van die gelowiges beskryf as diens aan God, moet ons raaksien hulle tree as priesters op. 'n Groot deel van hierdie diens aan God is offers van lofprijsing waar hulle besing wie God is en wat Hy doen. Kan ek jou herinner aan die opbou deur die loop van die eeue na hierdie punt toe: In die Ou Testament het ons die priesters leer ken as die persone wat deur die Here aangewys is om die volk se offers aan die Here te bring. In die Nuwe Testament het ons geleer die gelowiges is almal priesters (1 Pet 2:9), en ons offer onself aan God as lewende, heilige en aan God welgevallige offers (Rom 12:1). Na ons afsterwe bring ons offers van lof aan God met die groot menigte en die hemelse skare en besing Hom as die oorsprong van ons redding (Op 7:10), met die bruilofsmaal van die Lam besing ons Hom as deel van daardie hallelujakoor, en nou lees ons dat ons hiermee sal voortgaan in die ewige heerlikheid.

Die ander rol wat ons gaan vervul is dat ons as konings sal regeer vir ewig (Op 22:5). In Op 3:21 in die brief aan die gemeente in Laodisea, het Jesus ook al beloof dat die oorwinnaars saam met Hom op Sy troon sal sit, soos wat Hy saam met Sy Vader op die troon sit. Jy moet dit nie mis nie: ons gaan saam met Jesus op Sy troon sit. Sien jy hoe intiem ons gemeenskap met God gaan wees? Moet my nie verkeerd verstaan nie: Jesus is steeds Koning van die konings. Maar ons heers saam met Hom, die Opper-Koning, as konings vir ewig. Soos wat Adam en Eva moes heers oor die eerste skepping, gaan ons heers oor daardie nuwe heerlike en ewige skepping. Ek hoop dit is duidelik: as deel van die nuwe Jerusalem op die nuwe aarde onder die nuwe hemel gaan ons priesters en koning wees!

Kom ek probeer saamvat wat ons kan verwag: Wanneer die nuwe Jerusalem vanaf God uit die hemel op die aarde neerdaal is ons as gelowiges deel daarvan. Steeds is ons priesters en konings. As konings heers ons. In hierdie verantwoordelikheid as konings moet ons kennis neem van die skepping waaroor ons heers. Maar dis 'n nuwe skepping – 'n skepping wat geen teken toon van die effek van sonde nie. 'n Skepping waar daar niks onreins is nie (Op 21:27). 'n Skepping sonder 'n enkele doring of dissel. 'n Skepping wat heerlik en onverganklik is. Maar ons onthou hoe die skepping van vroeër was, en ons staan verstom oor God se herskepping van die skepping. Ons onthou Rom 8:21 wat geleer het dat God die skepping gaan bevry van die verganklikheid sodat dit kan pas by die heerlikheid van die kinders van God. Wanneer ons die heerlikheid van die nuwe skepping sien, kyk ons na onself – en ons sien ons het die heerlikheid van God! Nie net het ons nuwe verheerlikte, onverganklike en sterk liggame nie, maar ons is geklee in wit klere en is perfek

rein. Ons besef en verstaan maar te goed dit was die werk van God wat dit in ons lewens uitgewerk het! Ons kyk rondom ons en ons sien die muur van die stad, sy poorte, sy fondamente – en ons sien dit alles is ook God se werk – Sy beskerming, getrouheid en verlossing is hierin uitgebeeld. Ons sien ons medegelowiges – en ons het almal die name van God, die Lam en die stad op ons voorkoppe – dit was ook God se werk. Ons sien die rivier met die water van die lewe, en ons drink daarvan. Ons sien op die walle van die rivier die bome van die lewe, en ons eet daarvan – soveel as wat ons wil. Ons verstaan dit is God wat vir ons die toegang hiertoe bewerk het, en ons verstaan ons gaan vir ewig hier bly. Dan sien ons die rivier vloei van die troon van God en die Lam – en dan sien ons God en die Lam – soos Hy werklik is! Ons sien hoe die heerlijkheid van God en die Lam die hele stad verlig. God en die Lam en hulle werk is orals sigbaar – net waar jy kyk! En dit is doodeenvoudig heerlijk!

En dan neem ons priestersrol oor! Saam met die hele skepping, alles in die hemel en op die aarde, roep ons uit: “Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlijkheid en die krag, tot in alle ewigheid” (Op 5:13). Ons roep uit soos daardie groot menigte in die hemel: “Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam” (Op 7:10). Ons roep saam met die engele uit: “Amen! Die lof en die heerlijkheid, die wysheid, die dank en die eer, die mag en die sterkte behoort aan ons God tot in alle ewigheid. Amen!” (Op7:12). As mense wat die oorwinning behaal het, sing ons, onder begeleiding van sifers wat God self vir ons gegee het, die lied van Moses, dit is ook die Lied van die Lam: “Groot en wonderbaarlik is U daad, Here God, Almagtige. Reg en betroubaar is U optrede, Koning van die nasies. Wie sal U nie vrees nie, Here, en U Naam nie verheerlik nie? U alleen is heilig! Al die nasies het nou gekom en aanbid U, want ons sien dat U handelwyse regverdig is” (Op 15:3-4).

En so word Dawid se gebed in Ps 72:18-19 (OAV) vervul, waar hy gebid het: “Geloofd sy die Here God, die God van Israel, wat alleen wonders doen! En geloofd sy vir ewig Sy heerlike Naam! En laat die hele aarde met Sy heerlijkheid vervul word! Amen, ja, Amen.”

So word vervul wat Jesus in Op 10:7 met ‘n eed beloof het: “Op die dag wat die sewende engel op sy trompet gaan blaas, sal God se verborge bedoeling met alles bereik word, soos Hy dit aan Sy dienaars, die profete, bekend gemaak het.”

So word vervul wat Jesus tydens die finale oordeel aan die skape aan Sy regterkant gesê het: “Kom, julle wat deur My Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit.” (Mat 25:34)

Paulus was voorwaar reg: om net vir hierdie lewe op Christus te vertrou, is bejammerenswaardig! Om te sterf, is wins! Dit is verreweg die beste om heen te gaan en by Jesus te wees!

In Jesaja se profesie oor die komende Jerusalem, skryf hy in Jes 60:5: “Jy sal dit sien en van vreugde straal, jy sal bewe van blydschap” (NAV).

Ek hoop jy bewe van blydschap in afwagting op hierdie ewige heerlijkheid wat die Here besig is om voor te berei vir ons as gelowiges! Ek hoop jy bewe ook van blydschap oor die feit dat die Here besig is om jou voor te berei om nie net deel te word van hierdie heerlijkheid nie, maar om aktief deel te neem aan daardie lofprijsing van God – omdat jy oortuig is deur alles wat die Here jou laat belewe het dat Hy alleen waardig is om dit te ontvang!